



# Moets en moenies van kapitaalwinsbelasting

Heelparty artikels en rubrieke is die afgelope jare oor kapitaalwinsbelasting geskryf, maar lesers het steeds vrae hieroor. Ons kyk kortliks na enkele aspekte van dié soort belasting na aanleiding van hierdie vrae, asook na slaggate waarvan boere bewus moet wees.

**K**apitaalwinsbelasting (KWB) is 'n rykmansbelasting. Dit is 'n manier vir die staat om addisioneel uit jou finansiële sukses te kan skep. KWB is ook nie 'n afsonderlike belasting soos baie mense dink nie. Dit is 'n inkomstebelasting op jou kapitaal. Hoe hoër jou inkomstebelastingskaal dus is, hoe meer KWB gaan jy betaal omdat jy kapitaalwinsbelasting teen jou marginale koers betaal (wat tot 45% kan wees).

Die maksimum koers waarteen jy op kapitaalwins belas word, is 18%. Dit is omdat net 40% van die wins in ag geneem word vir belasting, wat dan belas word teen 45% (die hoogste marginale koers). Dit bring die finale belastingplig te staan op 'n maksimum van 18% op die wins. Terloops, vir trusts is die koers 36% omdat 80% van die wins in ag geneem word en dan teen 45% belas word.

Jou wins word bereken deur die basiskoste (die aankoopprys plus enige toelaatbare verbeteringe) af te trek van die markwaarde op die dag dat jy die bate (soos 'n plaas, woonhuis of aandele) van die hand sit.

Hiervan trek jy dan die toegelate jaarlikse vrystelling van R40 000 af. Op 40% van dit wat oor is, betaal jy inkomstebelasting teen jou marginale koers.

Indien die bate jou primêre woonhuis is of as die grond wat jy verkoop jou primêre woning insluit, is daar nog 'n aftrekking van tot R2 miljoen voor jy die finale kapitaalwins bereken. Indien die huis op landbougrond staan, kan jy ook twee hektaar van die grond insluit by die waarde van jou primêre woning. Dit help om die waarde te verhoog waarvan jy die R2 miljoen kan aftrek.

Hier is egter 'n slagat. Indien jy jou woonhuis gebruik het om jou saak in te bedryf en jy het jaarliks 'n deel daarvan afgetrek vir inkomstebelasting, gaan jy 'n pro rata-verdeling moet maak tussen die deel waarin jy woonagtig was en die deel wat jy vir jou saak gebruik het. Jy sal dus nie die volle R2 miljoen kan aftrek nie. Loop lig hiervoor.

In die jaar van jou dood het jy, pleks van die vrystelling van R40 000 wat ek hierbo noem, 'n aftrekking van R300 000. Dit is nie juis 'n rede om die emmer vroeër te wil skop nie, maar dit kan jou erfgename help. Hoewel, bygesê, al jou kapitaalbate, waaronder beleggings in aandele, word dan ingetrek en nie net die woonhuis of plaas nie. Dit is dus nie eintlik iets om oor opgewonde te raak nie.

'n Bate wat aan 'n gade vererf, is onderworpe aan die sogenoemde "oorrol"-vergunning. Dit beteken bloot dat die langlewende gade die bate erf teen die oorspronklike basiskos-

te. Dit beteken ook dat wanneer die langlewende gade die bate van die hand sit, of by dood, die KWB-verpligting heelwat hoër kan wees as die verdere groei in die waarde van die bate in ag geneem word. Kortom, die basiskoste bly dieselfde, maar die waarde styg. Dit is dus hoër belasting.

Die skep van 'n vruggebruik vir 'n langlewende gade ten opsigte van 'n eiendom wat byvoorbeeld aan 'n kind bemaak is, is nog 'n slagat. 'n Pro rata-som word gemaak en die KWB-waarde van die vruggebruik rol oor tot by die beëindiging van die vruggebruik, byvoorbeeld die dood van die vruggebruiker. Gevolglik sal die uiteindelijke erfgenaam (die kind) 'n veel kleiner basiskoste en dus 'n veel hoër KWB-plig hê op die dag dat hy of sy van die eiendom afstand doen.

Ten laaste, KWB is aftrekbaar in jou boedel by dood, voor boedelbelasting (die ander rykdombelasting) gehef word. **LBW**

*Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële risiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen, **021 461 2067**,  
e-pos: [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com)